

DIE SWART LUIPERD
No. 60
Moord in die Oerwoud
MEIRING FOUCHE

In die oerwoud van Kenia vind die Swart Luiperd—onverskrokke ontdekkingsreisiger uit die Republiek van Suid-Afrika—'n jong leeumannetjie wat baie eienaardig optree.

Maar op daardie oomblik kom 'n geheimsinnige pyl aangevlieg. . . en kort daarna ontmoet die Swart Luiperd 'n man en 'n vrou wat ook met hierdie leeu kennis gemaak het. Hulle vrees hom, maar die Luiperdman kan sien dat dit nie net die leeu is wat hulle vrees nie. Daar skuil iets meer vreesaanjaend agter die eienaardige optrede van daardie leeu, en wat dit is, sou die Luiperdman so byna ten koste van sy lewe uitvind.

**Stofomslag : Willie du Plooy**

6 000256 000063




# DIE SWART LUIPERD

**No. 60**

## Moord in die Oerwoud

R1,50
a.v.b. uitgesluit

**MEIRING FOUCHE**

## INHOUD


| Hoofstuk | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1. | Vliegende Pyl | 3 |
| 2. | Skone Tamara | 12 |
| 3. | Iets gaan Gebeur | 23 |
| 4. | Aanslag in die Nag | 34 |
| 5. | Die Ondier Storm | 53 |
| 6. | Rede vir sy Wraak | 61 |
| 7. | Fout op die Vlakte | 72 |
| 8. | Donderende Hoewe | 79 |
| 9. | Die Leeu Spring | 88 |
| 10. | Spore in die Sand | 88 |


## Hoofstuk 1

## VLIEGENDE PYL

Toe die langgerekte gil deur die oerwoud weerklink, hou die ruiter sy swart hings onmiddellik in en hy luister. Dit was 'n hoe gil soos van iemand wat wil huil maar ook half histeries van die vrees is. Dit is 'n gil wat ver deur die oerwoud kom en dit is so intens dat selfs die voels uit die takke vlieg, dat die ape hulle uit die pad haas en sodat selfs 'n gorillamannetjie iewers op sy bors begin te trom.

Dit is 'n byna aanhoudende gegil. Dit word nie net eenmaal uitgestoot en dan afgebreek nie. Dit word feitlik ononderbroke volgehou en die ruiter weet onmiddellik dat die een wat so skreeu, deur 'n ontsettende gevaar bedreig word en dat daardie persoon magteloos daarteenoor staan.

Wat sy bloed yskoud laat voel, is die feit dat dit 'n vrou is wat daar skreeu. Dit kan hy duidelik hoor.

Met sy kop skeef gedraai, bepaal hy die rigting waaruit daardie skreeu kom. Toe ruk hy sy perd om en storm deur die ruigtes van die oerwoud. Varings en struikgewas swiep teen die perd se sye verby soos hy hardloop en die ruiter lê laag in die saal onder oorhangende takke deur.

Weerskante van die hings hardloop twee jagluiperds want die man wat hier so jaag, is die Swart Luiperd, die groot donker Suid-Afrikaner wat daarvan hou om deur die oerwoude te swerf op soek na avontuur, op soek na plekke wat nog ongerep staan, en na die skoonheid van die natuur op plekke waar daar nog min mense was.

Hy bevind hom in die ver noordwestelike hoek van Tanzanie. Hy het so pas uit Suid-Afrika teruggekeer waar hy 'n paar maande op sy plaas vertoef het by sy vrou en sy seun. Af en toe gaan hy terug na sy plaas op die Hoeveld van Transvaal om te kyk of alles daar nog in orde is. Om 'n tyd saam met sy vrou en sy seun deur te bring. Maar dan word die roepstem van die oerwoud vir hom altyd weer te sterk en dan kom hy maar terug na vreemde plekke en vreemde ondervindinge.

Hy is hier naby die kant van 'n digte oerwoud. As jy verder ooswaarts trek, kry jy 'n groot vlakte en anderkant die vlakte lê daar weer 'n streep oerwoud. Dit is maar soos die natuur hier wissel: 'n Digte streep oerwoud, dan 'n vlakte en dan maar weer oerwoud.

Die Swart Luiperd laat sy hings, Donker, loop net so hard as wat hy kan deur die bosse in die rigting waar die krete nog steeds volgehou word. Hy het die indruk dat dit 'n swart vrou is wat so skreeu. Die gedagtes flits deur sy kop. Sou die ongelukkige skepsel oorhoops geraak het met 'n luislang wat besig is om haar vas te draai? Of sou sy miskien vasgekeer word deur 'n onhebbelike gorillamannetjie? Of kan dit wees dat sy gepik is deur een van die talle giftige slange wat 'n mens hier in die woud aantref?

Terwyl hy jaag, luister hy na die toon van daardie geskreeu. Dit is 'n trillende, aanhoudende, fyn gil soos wanneer iemand die klimaks van vrees bereik het.

En terwyl hy daarna luister, hoor hy meteens hoedat daardie kreet verander. Dit styg na 'n hoer crescendo. Dit word 'n rukkie so volgehou en toe breek dit af net so vinnig as wat dit begin het.

Dit was 'n ontstellende kreet. Die soort kreet wat 'n man se hart laat koud word, selfs al is jy 'n geharde avonturier soos die Swart Luiperd. In daardie kreet het hy die essensie van vrees verneem. Dit was die kern van angs wat daar uitgeskreeu is.

Met toenemende vaart storm hy deur die woud. Soms loop ou Donker hom so byna in 'n stam vas en op plekke is hy genoodsaak om sommer dwarsdeur die struikgewas te spring. Hy ken sy baas. Wanneer hy haastig is, dan ontsien hy niks. Dan jaag hy soos 'n koeel uit 'n roer. Dit gaan so vinnig dat die twee jagluiperds moet uithaal om by te bly.

Die rigting waaruit die skreeu gekom het, het die Luiperdman goed bepaal. Hy is seker dat hy reg ry.

Dit duur nie lank nie of hy kry bevestiging dat hy reg gery het. Toe hy die kant van die klein opening in die oerwoud bereik, ruk hy vir Donker so vinnig tot stilstand, dat die hings op sy agterpote steier.

Die twee luiperds, Simson en Spikkels, kom ploee ook verbaas en ontsteld hier by hul baas op.





Die Swart Luiperd se oë word nou toe hy die toneel voor hom sien.

In die middel van die klein opening, blykbaar die speelplek van gorillas en ander diere, waar die gras redelik kort gevreet en platgetrap is, staan 'n jongerige leeumannetjie. Dit is 'n pragtige dier en aan sy voorpote lê 'n swart vrou.

Die Swart Luiperd spring vinnig uit die saal. Hy het sy jagmes uitgeruk en sonder om 'n oomblik te weifel, storm hy die opening binne. Die jong mannetjie sien hom onmiddellik. Hy tel sy swaar kop op. 'n Pragtige dier, dink die Luiperdman. Dit sou byna 'n tragedie wees om hom aan te val.

Terselfdertyd kyk hy na die swart vrou. Sy lê baie stil daar. 'n Bondel goed lê 'n paar tree van haar af. Skynbaar was sy iewers heen op pad.

Met 'n uitroep van woede in die omstandigheid spring die luiperdman nader aan die jong leeu. Die jagmes is stewig in sy hand geklem en hy kyk vas in die dier se oe. Hy som hom op. Hy is 'n kragtige leeu. Sterk van bene, swaar van kop, sterk van lyf en hy is in die fleur van sy lewe. Dit sal veg kos om met hom klaar te speel. Daarvan is die Oerwoudman seker. Maar dit kan nou nie anders nie. As 'n leeu eers mense vang, dan is dit klaar met hom. Hoe gouer jy hom dan van die gras af maak, hoe beter. Daarom nader hy die jong mannetjie versigtig maar met mening. Dit is òf hy òf die leeu. Hy loop die mannetjie en uittart. Hy wil hê hy moet storm. Vir hom wat die Swart Luiperd is, is dit 'n goeie aanvalsmetode as 'n leeu storm. Dan weet hy hoe om sy liggaam te hou. Dan weet hy presies wanneer om uit die pad te spring.

Maar die leeumannetjie bly staan. Sy bek is oop, sy oe kalm en hy roer hom nie daar van die swart vrou af nie.

,,Komaan, komaan," sê die Swart Luiperd. ,,Hier is ek voor jou. Waarom doen jy nie iets nie, ou kêrel?"

Hy is nou skaars tien tree van die leeu af maar nog doen die mannetjie niks. Hy bly net staan. Die Luiperdman spring meteens nader en tart hom weer uit.

En dit is op daardie oomblik dat hy die eienaardige geluid hoor

iewers op links. Dit is 'n kort geluid byna soos 'n stoot van 'n ramshoring. 'n Plat skettergeluid byna soos die getrompetter van 'n olifant. Maar tog ook nie dieselfde nie.

Die Luiperdman het die geluid skaars gehoor toe dit weer uit sy gedagtes verdwyn. In die oerwoud is daar baie geluide en op die oomblik, met 'n sterk jong leeu hier vlakvoor hom, kan hy dit nie bekostig om nog sy aandag deur geluide te laat aflei nie.

Daarom spring hy weer nader na die leeu, maar toe gebeur iets wonderbaarliks. Die jong leeumannetjie het vinnig omgeswaai en op 'n stywe draffie gaan hy na die kant van die digte struikgewas en bome aan die kant van die opening.

Die Luiperdman steek vas. So iets het hy in sy dag des lewens nog nooit gesien nie. 'n Leeumannetjie wat sommer so omsit en die wyk neem asof jy hom onder die sweep gesteek het. En hy doen dit met die grootste kalmte. Nie asof hy dit teesinnig doen nie. Hy gee pad asof hy móét padgee.

'n Oomblik staan die Luiperdman verbysterd, toe ruk hy sy boog van sy skouer af, pluk 'n pyl uit die koker en druk dit teen die snaar. Hy ruk die boog omhoog net toe die leeumannetjie die kant van die opening bereik.

Maar die Swart Luiperd slaag nie daarin om sy snaar te span en sy pyl te laat vlieg nie.

Meteens is daar 'n skeurende pyn in sy skouer. Dit tref hom so hard dat hy daarvan steier. Die boog en die pyl val uit sy hand en met snakkende verbasing besef hy wat met hom gebeur het.

Hoog in sy linkerskouer staan 'n pyl, blink en lank en stewig.

Iemand het hom met 'n pyl geskiet, maar wie op aarde kan dit wees?

Die Luiperdman kyk verbaas om hom heen maar hy gewaar niks. Die oerwoud swyg. Die bome staan roerloos en nie 'n blaar roer nie want dit is 'n stil dag. 'n Oomblik word dit swart voor hom en hy kan voel hoedat hy op sy voete kantel. Hy het nog genoeg krag om te sien dat die swart vrou dood is. Haar nek lyk slap en hy is seker dat haar nek gebreek is.

Hy strompel terug na waar Donker op hom wag en dit voel vir hom asof hy nie op die grond trap nie. Hy is van niks bewus nie





behalwe die vretende, verterende pyn in sy skouer.

Toe hy sy perd bereik, voel hy hoedat sy bene onder hom wil padgee.

Donker runnik sag en die twee luiperds is bekommerd hier al om hul baas. Hulle het bloed geruik en hulle weet dat dit die bloed van hul baas is.

Die Swart Luiperd gaan leun teen die stam van 'n boom en kyk weer na die pyl. Dit is 'n aaklige pyl—lank en blink en baie dun. Dit is 'n pyl wat perfek gemaak is.

'n Oomblik voel dit vir hom asof die wêreld met hom kantel; asof die son besig is om onder te gaan.

Hy besef dat hy worstel onder die eerste skok van die pyl en hy besef ook dat hy hierdie pyl op die een of ander manier uit hom moet verwyder.

Daarom bring hy sy hande stadig omhoog neem die pyl stewig vas en toe ruk hy.

Hy kan 'n kreet nie onderdruk nie. Dit voel vir hom asof hy sy hele binneste uitskeur. Die pyn slaan met die krag van 'n vlam, en nog is die pyl nie verwyder nie. Dit het 'n hele ent gekom maar dit is nog nie verwyder nie.

Die Luiperdman haal diep en vinnig asem. Sy hande is rooi van sy eie bloed. Toe pak hy die pyl weer beet en hierdie keer slinger hy al sy krag daarin. 'n Oomblik daarna staan hy met die bebloede ding in sy hand. Hy kyk na die venynige punt wat deur die vleis en spier geskeur het toe hy dit uitgeruk het. Hy sien hoedat sy hande bewe en hy voel hoedat die bedwelming soos 'n donker vlaag oor hom kom.

Hy sak teen die stam af en bly daar sit. Hy kan voel hoedat die warm bloed oor hom versprei.

Die Swart Luiperd besef dat hy nie so kan bloei nie: dit kan sy lewe kos. Hy besef dat hierdie die gevaarlikste en die aakligste ondervinding is wat hy miskien nog in die oerwoude gehad het. Hy struikel orent en sukkel na Donker toe waar dié saggies staan en runnik, met sy kop na sy baas toe gedraai.

Hy vis in sy saalsak en haal die rolletjie verband uit wat sy vrou vir hom saamgegee het. Wanneer hy op hierdie reise gaan, is

sy altyd die ene bekommernis, en sy sorg dat daar in sy saalsak benodigdhede is vir noodhulp ingeval hy seerkry. Hy beskou dit as bra oorbodig, maar nog nooit het hy so bly gevoel oor iets soos hierdie rolletjie verband nie.

Hy gaan sit weer teen die boomstam, trek sy hemp uit en begin die verband stadig en pynlik hoog om sy bors draai totdat hy die aaklige bloeiende wond wat die pyl geslaan het, dig en styf toemaak.

Dit neem hom 'n hele ruk voordat hy dit klaar kry want dit is 'n pynlike proses. Elke keer as hy sy arms beweeg, wanneer hy sy regterarm hoog lig om dit bo oor sy kop te swaai en die verband vas te draai, steek die pyn soos 'n warm dolk deur hom.

Eindelik het hy dit klaar en toe voel hy so uitgeput dat dit vir hom is asof hy maar net daar aan die slaap kan raak. Hy steek sy hand uit na 'n doringgewas, breek twee dorings af en hy steek daarmee die verband vas. Hy sleep sy hemp nader en trek dit aan.

'n Ruk sit hy so teen die boom en eintlik weet hy nie wat om te doen nie. Hy voel taamlik radeloos. Hier is hy in die oerwoud en hy weet eintlik nie waar die naaste mense is nie. Hy weet dat hy met hierdie wond, met hierdie pyn en met die verlies van bloed wat gaan volg, onmoontlik in die saal kan bly. Iewers sal hy moet gaan rus.

Die Swart Luiperd is 'n man met groot krag en met ewe groot deursettingsvermoe. Daarom worstel hy weer teen die stam orent en stap stadig na Donker toe. Hy vat die perd aan die stang en lei hom die opening binne. Sy twee jagluiperds draf kringe om hom en Donker asof hulle hom teen iets wil beskerm. Die Oerwoudman weet dat hy nou groot waag. Wie dit ook al is wat hom geskiet het, wag miskien nog steeds hier aan die kant van die opening. Maar hy kan nie anders nie—sy boog moet hy gaan optel. Dan word hy koud, dan word hy warm onderwyl hy stadig oor die opening stap, met sy oe oop en wakker en met sy ore ingestel op die geringste geluid.

Maar daar gebeur niks verder nie. Hy gaan tel sy boog op, klim stadig in die saal en toe ry hy ongedeerd deur die opening weg.

Die swart vrou bly daar lê. Die Luiperdman draai hom een





maal pynlik in die saal en kyk na haar terug en hy wonder watter drama dit is wat hom hier afgespeel het.

'n Klomp dinge vlieg deur sy binneste—'n leeumannetjie wat nie wil veg nie en tog 'n leeumannetjie wat 'n swart vrou gedood het. Daardie snaakse geluid wat hy gehoor het, dring weer tot hom deur. En dan hierdie aanslag op sy lewe. Wat sou die betekenis daarvan wees?

Hoewel die pyn aan hom klop, hoewel die donker groen blare soms voor sy oe vervaag, kan hy maar nie help om te wonder wat hier plaasgevind het nie, met watter eienaardige avontuur hy hier te doen gekry het nie.

Ou Donker dra hom stadig en seker deur die oerwoud. Hy is dankbaar toe hulle die oerwoud verlaat en die kant van die vlakte bereik.

Die vlakte lê groot en oop en wyd voor hulle. Deur die verstomming van sy pyn voel die Luiperdman meteens rustiger. Hy het die indruk dat 'n donker gevaar agter hom in die oerwoud skuil. Hier op die vlakte kan hy minstens ver sien. Hier is hy nie ingesluit deur lower en stam en struikgewas nie.

'n Oomblik kantel hy in die saal en dit verontrus hom. Hy kan voel hoedat die bloed deur die verband sypel en die linkerkant van sy liggaam benat. 'n Oomblik sien hy die wakker ore van Donker, dan is daar weer oomblikke wanneer hy niks sien nie. Hy is bewus daarvan dat Spikkels en Simson langs hom beweeg en dan is daar weer oomblikke wanneer hy van niks bewus is nie. Die pyn vreet dieper en dieper in sy liggaam en in sy wese in. Sy hande begin bewerig word, sy oe flou. Dit is 'n helder dag en dit is nog skaars middag, maar selfs die sonlig verflou vir hom. Hy weet nie waarheen hy reis nie.

Hy trek maar net in 'n oostelike rigting oor die vlakte. Hy weet nie wat hy agtergelaat het nie. Hy weet nie wat voor hom wag nie. Al wat hy weet, is dat hy swakker en swakker word. As die bloed maar net wil ophou vloei. As hy maar net die krag kan kry om mense te bereik.

Selfs deur sy bedwelming dink hy aan 'n plaas op die Transvaalse Hoeveld, dink hy aan die innige oe van 'n vrou en aan die

helder stem van 'n jong seun—sy seun. En dan wonder hy of hy hulle ooit weer sal sien.

Hy wonder of hy die regte ding gedoen het om die pyl uit te trek. Vererger dit nie sy bloeding nie? Maar dan dink hy weer aan die ander slagoffers van pyle wat hy al gesien het. Inboorlinge en blankes uit wie se liggame die pyle nie verwyder is nie. Hy dink aan die aaklige swelsel van die liggame. Hy dink aan die afskuwelike inflammasie wat óm die pyle begin het en later dwarsdeur die liggaam sprei en dan dink hy aan die raat wat 'n ou Boesman van die Kalahari eens aan hom gegee het—hoe gouer jy 'n pyl kan uitruk, hoe beter. Dan bloei jy die kwaad uit, het die Boesman gesê.

Vaagweg sien die Luiperdman troppe sebras, klompie kameelperde, 'n groot, donker trop buffels en 'n strepie blou wildebeeste. Onder gewone omstandighede sou sy hart nou geruk het van vreugde want dit is die tonele wat hom altyd bekoor. Maar hier waar hy nou ry, kyk hy skaars na hulle. Een oomblik sien hy hulle en die volgende oomblik het hulle al weer in sy bewussyn verdwyn.

Namate die dag vorder, begin sy gedagtes wanordelik raak. Dan spring hulle hierheen en dan weer daarheen. Niks kan hy meer in sy gemoed vasvat nie. Alles sweef aanmekaar en inmekaar en daar is vir hom niks meer wat heeltemal helder is nie.

Hy het sy hande werktuiglik laat sak en hy het hulle om die saalknop geklem. Hy ry soos 'n man wat nie 'n perd kan ry nie. En dit is in die middel van die middag, toe die son nog helder is, wat die Swart Luiperd heen en weer in die saal begin swaai. Dan kantel hy hierheen dan kantel hy daarheen. Vooroor en agteroor. 'n Paar maal het Donker al gaan staan en omgekyk. Hy kan glad nie uitmaak wat sy baas makeer nie. Hy is nie daaraan gewoond om so gery te word nie. Hy is daaraan gewoond om altyd styf aan die teuels gery te word, met 'n vaste doel en met 'n suiwer rigting. Ook hy is onseker. Hulle het reeds die kant van die volgende plaat oerwoud bereik en Donker is nie seker of hy dit moet binnegaan of wat hy moet doen nie.

Spikkels en Simson is ewe doelloos. Hulle beweeg in wye





kringe om Donker en die Luiperdman. Hulle weet eintlik ook nie waarheen nie.

Dit is toe Donker die kant van die oerwoud nader, dat die Swart Luiperd se hande losgaan om die saalknop. Dat sy kniee buig en sy voete uit die stiebeuels glip. 'n Rukkie bly hy nog op die rug van die groot perd maar toe syg sy liggaam agteroor, hy gly skeef en hy stort oor Donker se kruis grond toe. Hy val met 'n sagte plof in die gras van die vlaktes.

Alles het meteens om hom donker geword. Dit behoort nie so te wees nie want dit is nog 'n hele ruk voor sononder.

Daar waar hy geval het, lê hy slap en stil. Hy roer nie 'n vinger nie. Eers kom Spikkels na hom toe en sy knor saggies en roer haar ore. Toe kom Simson en kom ruik aan sy baas. Hy kom en lek die Luiperdman teen sy keel, maar dit help nie. Spikkels krap saggies aan hom maar ook dit help nie. Sy een knie wat opgetrek was, kantel om en toe lê hy stil.

Donker weet dat die wêreld verkeerd is. Hy kom ook nader, ruik aan sy baas, runnik sag en kyk toe oor die vlakte weg. Die vlakte lyk roerloos. Die wild wei rustig en die son sak stadig na die horison in die weste.

Die son sak laer en die skaduwees sluip oor die vlaktes. Nuuskierige wild staan nader, maar wanneer bokke te manhaftig word, vlieg Spikkels en Simson onder hulle in en dryf hulle in 'n stofdamp weg.

Toe die son ondergaan, staan Donker, Spikkels en Simson nog steeds daar om die roerlose liggaam van hul baas.

Ou Donker runnik net rusteloos en roer sy ore senuweeagtig. Hy hou nie daarvan om hier op die vlakte te wees wanneer dit donker word nie. Hy weet hierdie is die jagwêreld van die leeus en tog kan hy nie van sy baas af weggaan nie. Nie 'n tree nie.